# Laerskool Baanbreker

## Skool van uitnemendheid

"Pioniers vir voortreflike onderrig en opvoeding"

# Inligtingstuk

Geagte Ouer

Welkom by Laerskool Baanbreker

"Skool van uitnemendheid pioniers vir voortreflike onderrig en opvoeding"




## PERSONEEL





## AKADEMIE









## SPORT








## KULTUUR








## PRET






**SKOOL VAN UITNEMENDHEID!**

**ONS WIL. ONS KAN. ONS SAL.**

# Inhoudsopgawe

## Laerskool Baanbreker

## Inligtingstuk


1. Welkomswoord van die Hoof ........ 1
2. Welkomswoord van die Departementshoof ........ 3
3. Struktuur van die Grondleggingsfase ........ 5
4. Graad R Inligting ........ 6
5. Graad R Klasreëls ........ 8
6. Klerebeleid vir Graad R ........ 9
7. Graad Een Inligting ........ 10
8. Graad Een Klasreëls ........ 13
9. Riglyne i.v.m. Huiswerk in Graad 1 ........ 14
10. Skoolbenodigdhede vir Graad 1........ 16
11. Klerebeleid vir Graad 1 ........ 17
12. Buitekurrikulêre aktiwiteite vir die Grondleggingsfase ........ 18
13. Gedragskode vir leerlinge ........ 19
14. Baanbreker Naskoolsentrum ........ 28
15. Is my kind gereed vir graad 1? ........ 29
16. Speel-speel lekker slim! ........ 31
17. 'n Kort gedagte ........ 33

# Welkomingswoord van die Hoof



# 1. Welkomingswoord van die Hoof

Welkom by Banies se skoolgemeenskap! Ek is verheug en gereed om 'n nuwe akademiese reis saam met elkeen aan te pak. Een vol eindelose moontlikhede en geleenthede vir groei.

As skoolhoof is dit my eer en voorreg om elke leerling deur hierdie opwindende hoofstuk van hul lewe te lei. Ek besef dat elke leerling 'n individu is met unieke talente, drome en aspirasies wat verdien om gekoester en gevier te word.

In hierdie skool glo ons in die krag van onderwys om lewens te transformeer en toekoms te vorm. Ons is daartoe verbind om vir elkeen 'n veilige en ondersteunende leeromgewing te voorsien waar leerlinge akademies, sosiaal en emosioneel kan floreer.

'n Skool is nie net 'n plek van leer nie; dit is 'n plek waar herinneringe gemaak word, vriendskappe gevorm word en drome gekoester word. Skool kan werklik 'n wonderlike ervaring wees as ons dit met die regte ingesteldheid en gesindheid benader.

Eerstens kan skool 'n wonderlike ervaring wees as leerlinge 'n positiewe houding teenoor leer omhels. Nuuskierigheid, entoesiasme en 'n dors na kennis is die sleutels om die ware potensiaal van onderwys te ontsluit. Wanneer leerlinge hul studies benader met 'n oop gemoed en 'n gewilligheid om nuwe idees te verken, brei ons nie net intellektuele horisonne uit nie, maar ontdek leerlinge ook die vreugde van leer.

Tweedens kan skool 'n wonderlike ervaring wees as ons 'n gevoel van gemeenskap en behoort aankweek. Skool is nie net 'n plek van akademiese onderrig nie; dit is 'n lewendige gemeenskap waar leerlinge, onderwysers en ouers bymekaarkom om mekaar te ondersteun en op te hef. Deur 'n kultuur van inklusiwiteit, respek en empatie te kweek, skep ons 'n skoolomgewing waar almal gewaardeer en gehoor voel.

Verder kan skool 'n wonderlike ervaring wees as leerlinge aktief betrokke raak by buitemuurse aktiwiteite en hul passies buite die klaskamer nastreef. Of dit nou is om by 'n sportspan aan te sluit, aan 'n klub deel te neem of om die kultuurverhoog te betree, hierdie ervarings verryk die skoollewe en help leerlinge om belangrike vaardighede soos spanwerk, leierskap en tydsbestuur te ontwikkel.

Laastens kan skool 'n wonderlike ervaring wees as elkeen selfversorging en welstand prioritiseer. Die balansering van akademiese verantwoordelikhede met persoonlike welstand is noodsaaklik vir die handhawing van 'n gesonde en bevredigende skoolervaring. Om pouses te neem, genoeg rus te kry en ondersteuning te soek wanneer dit nodig is, is alles deurslaggewende aspekte van selfversorging wat bydra tot ons algehele geluk en sukses.

Ek moedig elke leerling aan om elke uitdaging en geleentheid aan te gryp en nooit bang te wees om groot te droom nie. Onthou dat sukses nie net gaan oor die behaal van goeie uitslae nie, maar oor die ontwikkeling van 'n groei-ingesteldheid en 'n passie vir lewenslange leer.

Laat ons saam 'n gemeenskap skep waar vriendelikheid, respek en empatie die hoekstene van ons interaksies is. Laat ons mekaar ondersteun en ophef, ons andersheid vier en uit mekaar se unieke perspektiewe leer.

Terwyl ons saam hierdie reis aanpak, weet dat my deur altyd oop is. Kom ons werk hand aan hand om 'n skoolomgewing te skep waar elkeen kan floreer en almal hul volle potensiaal kan bereik.

Weereens, welkom by Banies se skoolfamilie. Ek is opgewonde om alles te beleef wat ons saam sal bereik.

A Bacon Hoof



# Welkomingswoord van die Departementshoof

# 2. Welkomingswoord van die Departementshoof

Laerskool Baanbreker beskou die kind as ons eerste en belangrikste prioriteit en gevolglik word alles in belang van die kind gedoen. Om die kind ten volle te akkommodeer het die skool nodig dat alle belangegroepe betrokke by die kind, 'n goeie verhouding met die skool moet handhaaf om sodoende die kind in sy/haar geheel te verstaan en die atmosfeer te kan skep waar binne die kind tot sy/haar volle potensiaal kan ontwikkel.

Die ouers se verhouding met die skool begin op die dag dat die ouer besluit om die kind by 'n sekere skool in te skryf en sodoende die kind aan die skoolpersoneel se professionele verantwoordelikheid toevertrou terwyl hy/sy op skool is. Hierdie verhouding word gedefinieer deur 'n reeks regte en verantwoordelikhede teenoor die skool.

**VERSTAAN DIE LEERPROSES**

Kommunikeer met u kind. Maak tyd om na hom/haar te luister. Maak seker dat u kind gepas voorberei is vir 'n skooldag. Toon ywerige en gereelde belangstelling in u kind se onderrig.

**VERSEKER EN MONITOR LEERDERTEENWOORDIGHEID**

**Sorg dat u kind goeie skoolbywoning volhou. U moet poog dat u kind elke dag vir die volle skooldag teenwoordig sal wees. Werk as vennote met die skool saam om probleme op te los. Stuur 'n briefie om laatkom of afwesigheid te verduidelik. Sluit 'n telefoonnommer vir verifiëringsdoeleindes in.**

**VERSEKER DIE VEILIGHEID EN WELSYN VAN DIE LEERDER**

Die belangrikheid van gesondheid, voeding en veiligheid kan nie oorbeklemtoon word nie, aangesien daar 'n direkte verband tussen leerders se welsyn en suksesvolle akademiese prestasie is. Lig onderwysers in oor chroniese of ander gesondheidsprobleme en hoe opgetree moet word in noodgevalle.

**WOON GEREELD SKOOLVERGADERINGS BY**

Skool- en ouervergaderings voorsien geleenthede vir gesinne om deel te neem aan die onderrigproses, besluitneming en skoolprosedures. Woon vergaderings by wat die skool reël.

**WEES VERTROUD MET DIE GEDRAGSKODE VAN DIE SKOOL**

U as ouer moet in besit wees van 'n afskrif van die skool se gedragskode. U moet op hoogte wees van die inhoud daarvan en eienaarskap daarvan aanvaar en u kind aanmoedig om dit te gehoorsaam. U moet die skool ondersteun in die hantering en toepassing daarvan.

**ONDERSTEUN DOELTREFFENDE OUER-SKOOL KOMMUNIKASIE**

Kommunikasie is die grondslag van doeltreffende vennootskap tussen ouers en die skool. Inligting wat van belang is vir leerdersukses moet aanmekaar oorgedra word. Dit is belangrik om te reageer op kommunikasie van die skool.

**ONDERSTEUN DIE PERSONEEL**

**Ondersteun en versterk dissiplinêre maatreëls van die skool. Onthou dat ouers in die leerproses van hulle kinders vennote is. Onderlinge respek tussen ouers en opvoeders is van uiterse belang in hierdie vennootskap.**

**ONDERSTEUN BUITEKURRIKULÊRE AKTIWITEITE**

Afgesien van die kurrikulum moet gesinne ook die skool met buite-kurrikulêre-aktiwiteite ondersteun. Hierdie moet altyd op 'n mooi manier gedoen word sodat die gesonde verhouding tussen skool, ouer en kind nie skade lei nie.

Laerskool Baanbreker benodig dus positiewe, betrokke ouers op al die terreine. Ons wil u graag langs die sportvelde, by die kunswedstryd, by fondsinsamelings-projekte en sosiale geleenthede van die skool sien. Wanneer ouers betrokke raak, ontmoet hulle ander ouers en sodoende word die gemeenskaplike belang groter, want ouers ondersteun mekaar in die proses van kinders grootmaak en word lojalitiet ook teenoor die skool en sy personeel verstewig.

LAERSKOOL BAANBREKER NOOI U UIT OM DEEL TE WORD VAN ONS FAMILIE WAAR ONS SAAMWERK AAN DIE TOEKOMS VAN U KIND.

Welkom!



# Struktuur van die Grondleggingsfase

# 3.Struktuur van die Grondleggingfase

**Skoolhoof**

↓

**Adjunkhoof**

↓

**Departementshoof Grondleggingsfase**

↓

**Graadhoofde**

Graad R

Graad 1

Graad 2

Graad 3

↓

**Vakhoofde**

Afrikaans - Fase en per graad

Engels - Fase en per graad

Wiskunde - Fase en per graad

Lewensvaardigheid - Fase en per graad

Assessering - Fase

↓

**Klasonderwyseresse**

Graad R

Graad 1

Graad 2

Graad 3

# Graad R
# Inligting



# 2. Graad R Inligting

**Klasse:**

Leerlinge word homogeen ingedeel met in agneming van hul verjaardagmaand, sodat elke graad een klas leerlinge het wat vanaf Januarie tot Desember verjaar en elke klas min of meer ewe veel seuns en dogters bevat.

**Skoolure:**

Die skool begin daagliks stiptelik om 07:30. Leerlinge raak maklik ontsteld indien hulle laat kom – veral die kleintjies. Ons sal dit waardeer indien u sal toesien dat u kind stiptelik en betyds vir skool sal opdaag.

Die skool sluit om 12:45 vir ons Graad R leerlinge. Pappa en Mamma moet asseblief nie laat kom nie. Dit laat die kleingoed onseker voel en dit is vir ons uiters belangrik dat hy/sy gedurende sy eerste paar weke in die "groot skool" baie geborge moet voel en baie liefde moet ervaar.

**Hekbeleid:**

Die leerlinge sal vergesel word deur 'n onderwyseres na die naskool te Slaterstraat. U as ouer sal 'n kode ontvang, sodat slegs 'n Banie ouer toegang het tot ons perseel.
U as ouer is verantwoordelik om by wyse van 'n plakker op u kind se skooluniform vir die eerste week aan te dui wat die afhaalreëlings aangaande u kind is. Dit spaar sommer baie trane as die onderwyseres dadelik op die plakker kan sien waarheen u kind moet gaan.

**Korrespondensie:**

U as ouer moet die D6 Connect toep aflaai op u selfoon of rekenaar. Alle korrespondensie vind op hierdie platform plaas. Elke leerling ontvang aan die begin van die jaar 'n nuusboek waarin korrespondensie tussen onderwyser en ouer plaasvind. Daarom is dit baie belangrik dat u elke dag u kind se nuusboek sal nagaan en teken.

**Persoonlike inligting:**

In u kind se **Nuusboekie** moet u asb. al die nodige inligting invul. Hierdie boekie moet **asb. elke dag by die skool wees.** Dit is van uiterste belang dat indien enige van die inligting verander, dit dadelik gewysig moet word en onder die onderwyser se aandag gebring moet word.

**Verslae:**

Leerlinge ontvang 4 verslae per jaar. Ons vra dat leerlinge **nie onnodig afwesig** sal wees nie aangesien **assessering deurlopend** geskied.

**Afwesighede:**

Enige afsprake (bv. **tandarts ens.** ) moet liefs waar moontlik **na skoolure** gereël word. Indien 'n leerling afwesig was, word daar verwag dat 'n verskoningsbrief van die ouer/voog die eerste dag wat die leerling terugkeer skool toe, saamgebring word waarin die rede/s vir afwesigheid vermeld word. Indien u vooraf weet dat u kind nie die skool gaan bywoon nie moet 'n brief aan die hoof en onderwyseres gerig word waarin die rede/s vermeld word.

**Indien u u kind vroeër moet kom afhaal moet u die uittekenregister by die kantoor invul. Die administratiewe persoon sal u kind na die ontvangs (in die Administratiewe Blok) toe roep.**

**Dissiplinestelsel:**

Leerlinge sal aan die begin van die jaar die volledige stel skoolreëls in die **blouboekie (Nuusboekie)** ontvang. Dit is baie belangrik dat u hierdie reëls moet deurgaan saam met u kind en daarby parafeer. Agterin hierdie inligingstuk is 'n verkorte weergawe van die dissiplinestelsel.

**Buitemuurse aktiwiteite: (Sien inligting oor aktiwiteite elders in inligtingstuk)**

U sal van tyd tot tyd inligting ontvang om u mee te deel watter aktiwiteite die skool op die spesifieke stadium aanbied waaraan u kind kan deelneem.



# Graad R Klasreëls

# 3. Graad R Klasreëls

**Hier moet ek altyd veilig en op my gemak voel.**

- My hande moet altyd skoon wees voordat ek in die klas inkom.
- Ek mag nie gesels terwyl ek werk of terwyl juffrou werk verduidelik nie.
- As 'n ander meneer of juffrou in ons klas is moet ek doodstil bly, nadat ons mooi gegroet het.
- Ek moet altyd net my beste gee, sodat ek trots kan wees daarop.
- Ek moet my hand opsteek as ek iets vir juffrou wil vra of sê.
- As daar werk is wat ek nie verstaan nie, moet ek altyd vir juffrou vra.
- Ek mag foute maak.
- Ek moet trots wees op myself en my skool, daarom hou ek myself skoon.
- Ek is **verantwoordelik vir my eie besittings.**
- Ek mag nie gesels as die interkom aan is nie.
- Ek moet my maatjies respekteer en mag nie baklei of vloek nie.
- Ek mag nie met klippe of sand gooi nie.
- Ek mag nie speelgoed skool toe bring nie, tensy juffrou gesê het ek moet dit vir ons tema saambring.
- Ek mag nie rommel strooi nie.
- Indien die **leerling kopluise het, moet hy/sy tuis bly totdat die luise en nete verwyder** is.
- Leerlinge met aansteeklike siektes moet asseblief tuis bly totdat hy/sy gesond is.
- Elke leerling moet daagliks 'n **gesonde kospakkie** skool toe bring.
- Ek mag net op 'n Vrydag snoepiegeld skool toe bring en nie meer as R20-00 nie.

**As ek reëls nakom, sal ek gelukkig en geborge voel.**





# Klerebeleid vir Graad R



# 4. Klerebeleid vir Graad R

**Alle skooldrag is beskikbaar by die leweransiers:
PEEPHOLE in Boksburg of die F8 winkel by die skool.**

**Dogters en seuns dra Laerskool Baanbreker se LO drag. In graad R is ons maats nog aktief en het klere nodig waarin hulle kan beweeg en speel. Dit is duursaam en goeie kwaliteit.**

**NB! MERK ASSEBLIEF AL U KIND SE KLERE EN SKOENE BAIE DUIDELIK!**

Ons versoek vriendelik dat leerlinge eerder kaalvoet sal skool toe kom op warm dae, aangesien ons probleme ondervind met leerlinge wat hul skoene uittrek en nie in hul tasse bêre nie.





# Graad Een Inligting



# 4. Graad Een Inligting

**Klasse:**

Leerlinge word homogeen ingedeel met in agneming van hul verjaardagmaand, sodat elke graad een klas leerlinge het wat vanaf Januarie tot Desember verjaar en elke klas min of meer ewe veel seuns en dogters bevat. Ouers sal op die oriënteringsaand, in kennis gestel word in watter onderwyseres se klas hul kind geplaas is.

**Skoolure:**

Die skool begin daagliks stiptelik om 07:30. Leerlinge raak maklik ontsteld indien hulle laat kom – veral die kleintjies. Ons sal dit waardeer indien u sal toesien dat u kind stiptelik en betyds vir skool sal opdaag.

Die skool sluit om 13:00 vir ons Graad 1 en 2 leerlinge. Pappa en Mamma moet asseblief nie laat kom nie. Dit laat die kleingoed onseker voel en dit is vir ons uiters belangrik dat hy/sy gedurende sy eerste paar weke in die "groot skool" baie geborge moet voel en baie liefde moet ervaar. Ons wil u as ouers versoek om indien moontlik, gedurende die eerste week self u kind by die klas te kom afhaal, of soos gereël met naskoolpersoneel.

**Hekbeleid:**

Na die eerste week sal die leerlinge vergesel word deur 'n onderwyseres na die padoorgang te Watermeyerstraat. U MOET DAN DAAR VIR U KIND WAG. Vir die leerlinge se eie veiligheid is dit verpligtend om die straat te kruis by die voetoorgang saam met die onderwyseres of skolierpatrollie.

U as ouer is verantwoordelik om by wyse van 'n plakker op u kind se skooluniform vir die eerste week aan te dui wat die afhaalreëlings aangaande u kind is. Dit spaar sommer baie trane as die onderwyseres dadelik op die plakker kan sien waarheen u kind moet gaan.

**Korrespondensie:**

Elke leerling ontvang aan die begin van die jaar 'n huiswerkboek waarin korrespondensie tussen onderwyser en ouer plaasvind. Daarom is dit baie belangrik dat u elke dag u kind se huiswerkboek sal nagaan en teken. Omsendskrywes asook enige gelde word in die plastiekkoevert geplaas.

**Huiswerk:**

Soos hierbo genoem, ontvang elke leerling aan die begin van die jaar 'n Huiswerkboek. Onthou u is in die bevoorregte posisie om in 'n een tot een verhouding met u kind te werk en huiswerk bly u as ouer se verantwoordelikheid om na te sien en te teken, al woon u kind 'n naskoolsentrum by. Sodoende bly u op hoogte van u kind se vordering.

**Persoonlike inligting:**

U kind ontvang aan die begin van die jaar 'n blou boekie (Nuusboekie) waarin u asb. al die nodige inligting moet invul. Hierdie boekie moet asb. elke dag by die skool wees. Dit is van uiterste belang dat indien enige van die inligting verander, dit dadelik gewysig moet word en onder die onderwyser se aandag gebring moet word.

**Verslae:**

Leerlinge ontvang 4 verslae per jaar. Ons vra dat leerlinge nie onnodig afwesig sal wees nie aangesien assessering deurlopend geskied. Elke leerling ontvang aan die begin van die kwartaal assesseringsriglyne, waaraan u moet aandag gee.

**Afwesighede:**

Enige afsprake (bv. tandarts ens. ) moet liefs waar moontlik na skoolure gereël word. Indien 'n leerling afwesig was, word daar verwag dat 'n verskoningsbrief van die ouer/voog die eerste dag wat die leerling terugkeer skool toe, saamgebring word waarin die rede/s vir afwesigheid vermeld word. Indien u vooraf weet dat u kind nie die skool gaan bywoon nie moet 'n brief aan die hoof en onderwyseres gerig word waarin die rede/s vermeld word.

Indien u u kind vroeër moet kom afhaal moet u die uittekenregister by die kantoor invul. Die administratiewe persoon sal u kind na die ontvangs (in die Administratiewe Blok) toe roep.

**Dissiplinestelsel:**

Leerlinge sal aan die begin van die jaar die volledige stel skoolreëls in die blouboekie (Nuusboekie) ontvang. Dit is baie belangrik dat u hierdie reëls moet deurgaan saam met u kind en daarby parafeer. Agterin hierdie inligingstuk is 'n verkorte weergawe van die dissiplinestelsel.

**Buitemuurse aktiwiteite:** (Sien inligting oor aktiwiteite elders in inligtingstuk)

U sal van tyd tot tyd inligting ontvang om u mee te deel watter aktiwiteite die skool op die spesifieke stadium aanbied waaraan u kind kan deelneem.



# Graad Een Klasreëls

# 5. Graad Een Klasreëls

**Hier moet ek altyd veilig en op my gemak voel.**

- Ons tree altyd eers in rye voor ons klas aan.
- My hande moet altyd skoon wees voordat ek in die klas inkom.
- Ek mag nie gesels terwyl ek werk of terwyl juffrou werk verduidelik nie.
- As 'n ander meneer of juffrou in ons klas is moet ek doodstil bly en aangaan met my werk, nadat ons mooi gegroet het.
- Ek moet altyd net my beste gee, sodat ek trots kan wees daarop.
- Ek moet my hand opsteek as ek iets vir juffrou wil vra of sê.
- As daar werk is wat ek nie verstaan nie, moet ek altyd vir juffrou vra.
- Ek mag foute maak.
- My huiswerkopdragte van die week moet op 'n Vrydag klaar wees.
- Ek moet trots wees op myself en my skool, daarom hou ek myself skoon.
- Ek is verantwoordelik vir my eie besittings. Ek mag nie by my klasmaats leen nie.
- Ek mag nie in die klas eet of drink nie, behalwe as juffrou my toestemming daartoe gegee het.
- Ek mag nie tydens lesse in die klas rondloop of speel nie.
- Ek mag nie gesels as die interkom aan is nie.
- Ek moet my maatjies respekteer en mag nie baklei of vloek nie.
- Ek mag nie met klippe of sand gooi nie.
- Ek mag nie speelgoed skool toe bring nie, tensy juffrou gesê het ek moet dit vir ons tema oor speelgoed saambring.
- Ek mag nie rommel strooi nie.
- Ek mag nie buite 'n hekkie vir my ouers of bussie wag nie.
- Indien die leerling kopluise het, moet hy/sy tuis bly totdat die luise en nete verwyder is.
- Leerlinge met aansteeklike siektes moet asseblief tuis bly totdat hy/sy gesond is.
- Elke leerling moet daagliks 'n gesonde kospakkie skool toe bring.
- Ek mag net op 'n Vrydag snoepiegeld skool toe bring en nie meer as R20-00 nie.

**As ek reëls nakom, sal ek gelukkig en geborge voel.**



# Riglyne i.v.m. Huiswerk in Graad 1



# 6. Riglyne i.v.m. huiswerk in Gr. 1

1. **Begrip huiswerk:**

- Huiswerk behels werk wat reeds behandel is in die klaskamer en wat by die huis ingeoefen word.
- Huiswerk sluit die volgende in: Waarnemingsopdragte, versameling van items of prentjies, leeswerk asook skriftelike opdragte bv. skrifpatrone, tekenwerk, woordbou, sinsbou, somme ens.
- Indien u kind enige van die volgende opdragte ontvang, moet hy/sy dit soos aangedui doen:

**INKLEURWERK: 'n Prentjie moet altyd eers omlyn** word en **daarna saggies heen-en-weer ingekleur word.**
**KNIPWERK:** U kind hou die papier in sy/haar een handjie vas en knip langs die buitelyne sodat die buitelyne nog sigbaar is. 'n Regshandige kind knip regsom en 'n linkshandig kind links-om, want die buitelyn van dit wat hy moet knip is dan sigbaar vir hom/haar.
**NATREKWERK:** U kind skuif die oorspronklike prent of patroon in die boek in en trek dit na (trace). Die oorspronklike papier word weer teruggestuur skool toe.

2. **Leerling se taak:**

- Dit is baie belangrik dat u king sy/haar huiswerk doen aangesien dit 'n verlengstuk is van die klaswerk. Skriftelike opdragte moet netjies gedoen word (skep alreeds van vroeg af 'n gesindheid van trots).
- Moet asb. nie dat u kind die huiswerk vooruit doen nie. Bring asb. die huiswerkboek elke dag skool toe.
- Dit is noodsaaklik dat u kind vir **alle mondelinge opdragte voorberei** en **nie sy/haar praatjie aflees nie.** Kaartjies met sleutelgedagtes kan wel gemaak word.

3. **Positiewe ouerbetrokkenheid is noodsaaklik.**

- Moet asb. onder geen omstandighede die huiswerk vir u kind doen nie, aangesien dit dan geen doel dien nie en dit vir die kind dan moeilik is as hy/sy in die klas selfstandig moet werk. NB! Verbeter wel al die foutjies.
- Merk asb. die skriftelike huiswerk daagliks en teken aan die einde van die week in die toepaslike blokkie op die afgerolde huiswerkpapier.
- Skep voldoende geleentheid aan u kind om huiswerk te doen. Probeer om 'n vaste roetine in te stel. (Voorstel: Laat u kind eers 'n bietjie rus / speel voordat daar met hulle huiswerk begin word).

4. **Aandeel van onderwyseres:**

- Hou ouers op hoogte van werk wat gedoen is en van die kind se vordering.
- Kontroleer slegs skriftelike werk.
- Toon belangstelling in werk wat op eie inisiatief gedoen word.
- Indien leerlinge nie huiswerk doen nie, sal dit onder die ouers se aandag gebring word. 'n Versuim kan gegee word indien 'n leerling gereeld nie huiswerkopdragte voltooi nie.
- Huiswerkopdragte word nie geassesseer nie en sal nie in aanmerking geneem word vir die rapport nie.
- Leerlinge sal vanaf Maandag tot Donderdag skriftelike opdragte ontvang. Boeke word op Vrydae ingeneem.

5. **Skryfbehoeftes:**

- Dit is **<u>noodsaaklik</u> dat u kind by die huis ook 'n stel skryfbehoeftes het d.i.** (uitdraaikryte, 'n skêr, **'n loodpotlood (2H)** en gom) om sy/haar huiswerk mee te doen.
- Hulle **kan <u>nie</u> die skryfbehoeftes wat by die skool is huis toe neem nie, aangesien dit gebeur dat hulle dit tuis vergeet… dan kan hulle nie in die klas werk nie.**
- <u>GEEN FILTPENNE NIE ASB.</u>

**Raadpleeg u kind se klasonderwyseres indien enige onduidelikheid of probleme ontstaan i.v.m. huiswerk. Sterkte en dankie vir u samewerking. U kind is vir ons belangrik.**



# Skoolbenodigdhede

# Vir Gr 1

# 7. Skoolbenodigdhede

**U kind se Skryfbehoeftepakket vir sy Graad 1 skooljaar word by PNA Sunwardpark aangekoop.**

- Dit is 'n vereiste dat u die skryfbehoeftepakket by bogenoemde verskaffers sal aankoop, omdat dit al die nodige skryfbehoeftes bevat, waarsonder u kind nie in die klas sal kan klaarkom nie.
- **Alle items** moet asseblief reeds op die **eerste skooldag** skool toe gestuur word.
- Elke item moet asseblief **individueel** en duidelik gemerk wees met **u kind se naam en van.** Stuur **asb. die hele pakket** skool toe – plaas asb. **een stel** van **alles in die pennesakkie** en die **ekstra skryfbehoeftes stuur u in die boeksakkie wat u kind ontvang het, saam met u kind skool toe.** Ons neem alles in en bêre dit totdat u kind dit nodig kry.
- U moet **asb. 'n ander stel skryfbehoeftes vir huiswerk aanskaf**, aangesien bogenoemde pakket slegs aan die jaar se behoeftes voorsien, mits u kind sy/haar besittings oppas.
- Stuur asb. elke kwartaal 'n houertjie vloeibare handewasseep en 'n boks snesies saam met u kind skool toe.
- Plastiek boekoortreksels wat oor hulle skrifte getrek word asook vir afrolwerk en Kunsvoorraadaankope is **'n bedrag wat jaarliks vasgestel** word betaalbaar **voor die einde van die eerste kwartaal.**

- **Merk asb. elke kledingstuk!**

# Klerebeleid vir Graad 1



# 8. Klerebeleid vir Graad 1

**Alle skooldrag is beskikbaar by die leweransiers:**
**PEEPHOLE, SCHOOL AND LEISURE in Boksburg asook die F8 winkel by die skool.**

1. **DOGTERS – SOMER:**

- Skoolrokkie
- Blou skoolbroekie
- Kort blou kouse
- Swart skoolskoene (Opsioneel in die somer)
- V-nektrui (vir koeler dae)
- Haarlinte of rekkies moet donkerblou of geel wees.

2. **SEUNS – SOMER:**

- Blou kortbroek
- Ligblou skoolhempie
- Lang blou skoolkouse
- Swart skoolskoene (Opsioneel in die somer)
- V-nektrui (vir koeler dae)

3. LO-Drag

- Dit word gedra op dae waar die leerlinge Liggaamlike opvoeding sal ontvang.
- Op hierdie dae kom die leerlinge in hulle LO-drag skool toe.

**NB! MERK ASSEBLIEF AL U KIND SE KLERE EN SKOENE BAIE DUIDELIK!**
Ons versoek vriendelik dat leerlinge eerder kaalvoet sal skool toe kom op warm dae, aangesien ons probleme ondervind met leerlinge wat hul skoene uittrek en nie in hul tasse bêre nie.

**WINTERDRAG SAL LATER AAN U DEURGEGEE WORD.**



# Buitekurrikulêre aktiwiteite vir die Grondleggingsfase

# 9. Buitekurrikulêre aktiwiteite

**Laerskool Baabreker bied die volgende Buitekurrikulêre Aktiwiteite vir die Grondleggingsfase aan:**

**Eerste Kwartaal:**

- Atletiek
- Koor

**Tweede Kwartaal:**

- Mini-netbal (dogters)
- Valkie-rugby (seuns)

**Derde Kwartaal:**

- Mini-hokkie (dogters)
- Mini-krieket (seuns)

**Vierde Kwartaal:**

- Begin met atletiek-uitdunne

**Deurlopend:**

- Skaak
- Leesklub
- Voortrekkers

**Graad R Ekstra aktiwiteite**

- Sporty Girls
- Rugga kids
- Tumbling Tigers
- Abacus Wiskunde

**U kind het dus die geleentheid om reg deur die jaar aan aktiwiteite deel te neem.**



# Gedragskode vir leerlinge

# 10. Gedragskode vir leerlinge

**Kwaliteit onderwys en opvoeding is slegs moontlik in 'n ordelike omgewing. In so 'n omgewing voel die kind veilig en geborge en is hy ingestel en ontvanklik vir die leerprikkels.**

1. **Wetgewing:**

   Die reg tot 'n gedragskode vind sy beslag in:

- Die Nasionale Grondwet.
- Artikel 8 van die S.A. Skolewet (84/'96).
- Artikel 3 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (27/'96).
- Handves van Menseregte (108/'96).
- Wet op die Beheer van toegang tot openbare persele (53/'85).
- Wet op Dwelms en Dwelmhandel (140/'92).
- Wet op Wapens en Ammunisie (75/'69).
- Kennisgewing 937 van 1998 t.o.v. wangedrag van leerlinge.
- Kennisgewing 776 van 1998 – Riglyne vir die opstel van 'n Gedragskode deur Beheerliggame.
- Die GDO opleidingsmodule vir Beheerliggame t.o.v. die ontwikkeling van 'n Gedragskode. "General School Notice 6903 of 2000 as amended by General Notice 2591 of 2001: "Misconduct of Learners at Public Schools".

2. **Aanhef:**

- 'n Gedragskode lê duidelike riglyne neer oor wat aanvaarbare en wat onaanvaarbare gedrag by 'n skool is. Dit sê iets oor die waardes, norme, beginsels en etos van 'n skool en raak die hele skoolgemeenskap, insluitend leerlinge, opvoeders en ouers.
- Dit strewe na die skep van 'n sekere gees en gesindheid tussen al die rolspelers en strek wyer as bloot 'n stel reëls wat nagekom moet word.

3. **Doel:**

- Om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing, toegewy aan die verbetering en handhawing van leerprosesse van gehalte, daar te stel.
- In ondersteuning tot die uitleef van die visie en missie van die skool en ter voorbereiding van verantwoordelike burgerskap.
- Om leer en onderrig in die skool te fasiliteer en morele waardes te stel.
- Om voorsiening te maak vir wettige dissiplinêre prosesse en beloning vir goeie gedrag.

4. **Grondbeginsels:**

- Die erkenning van die menseregte en verantwoordelikhede van alle rolspelers.
- Regverdige en billike behandeling.
- Beleid van geen onregverdige diskriminasie.
- Die behoud van die etos van die skool.
- Samewerking van rolspelers.
- Demokratiese beginsels.
- Die nastreef van die Visie en Missie van die skool.
- Banie norme en waardes soos eerlikheid, verantwoordelikheid, deernis, veiligheid, samewerking, betroubaarheid, respek, verdraagsaamheid en trots.
- Die vennootskap tussen skool en ouerhuis.
- Die gedelegeerde mag aan opvoeders.

5. **Regte van leerlinge:**

- Goeie opvoeding.
- Veilige, geweldvrye omgewing.
- Billike dissiplinêre prosesse.
- Billike administratiewe prosesse.
- Respek en waardigheid.
- Etiese gedrag van rolspelers.
- 'n Ordelike skoolomgewing.
- Ondersteuning vanaf die ouerhuis.

6. **Verantwoordelikhede van leerling:**

- Samewerking t.o.v. die leerproses.
- Getroue skoolbywoning.
- Respek teenoor alle mense asook die omgewing.

- Selfdissipline.
- Die nakoming van die letter en gees van die gedragskode.

## 7. Die eienskappe van 'n Banie-leerling:

- Is 'n gelukkige kind wat met oorgawe en entoesiasme geleenthede aangryp.
- Is te alle tye en orals ware ambassadeurs vir hulle skool.
- Die akademie-, sport- en kultuuraktiwiteite van die skool geniet eerste prioriteit.
- Strewe om altyd gehoorsaam, behulpsaam en bedagsaam te wees.
- Lewe en handel in ooreenstemming met die gedragskode van die skool.
- Handel voortdurend volgens die Banie waardes en norme.
- Hul voorkoms getuig van netheid, higiëne en selftrots.

## 8. Die Gedragskode:

**'n Banie-leerling strewe na die volgende:**

- Die nakoming van die letter en gees van hierdie gedragskode.
- Die nakoming van die algemene skool- en klasreëls.
- Die nakoming van reëls t.o.v. kleredrag, voorkoms en persoonlike netheid.
- Die uitvoer van billike opdragte van 'n gemagtigde persoon.
- 'n Gees van samewerking in woord, daad en gedrag om sodoende nie die onderrig of leerproses te ontwrig of te frustreer nie.
- Getroue en stiptelike bywoning van skoolaktiwiteite.
- Om so op te tree dat dit tot voordeel van die skool en sy gemeenskap sal strek.
- Om die skooleiendom te respekteer.
- Om ander persone op 'n menswaardige wyse te behandel.
- Om die landswette na te kom en as verantwoordelike burger op te tree.
- Om flink en ywerig te wees in die uitvoer van pligte.

## 9. Algemene skoolreëls:

**Die volgende algemene skoolreëls is ingestel om die beste geleentheid te bied om maksimaal te ontwikkel.**

### 9.1 Voorskool en die verdaging van die skool:

- Die skool begin om 7:30 en alle leerlinge moet betyds wees.
- Leerlinge wat laat kom, moet by kantoor aanmeld.

- Leerlinge moet gedurende amptelike skooltye by die skool wees.
- Wanneer die skool verdaag, word die hekke in Watermeyerstraat en Langenhovenstraat gebruik.
- Die hoofhek in Boerneefstraat is slegs vir personeel.
- Die leerlinge moet gebruik maak van die padoorgange en die reëls en regulasies van die skolierpatrollie gehoorsaam.
- Fietse word te alle tye op die skoolterrein gestoot om ongelukke te voorkom.
- Wanneer 'n leerling eers binne die skoolterrein is, kan die terrein nie weer verlaat word sonder die toestemming van 'n personeellid nie.
- Die **Grondleggingsfase** se leerlinge plaas hul tasse in die oggend in netjiese rye voor hul voogklasse.
- Maandae en Woensdae plaas die leerlinge hul tasse ook by hul voogklasse.
- Wanneer die klok soggens lui, beweeg alle leerlinge na hulle klasse toe. Maandae en Woensdae tree die leerlinge op die aantreeblad aan en beweeg dan saal toe.
- Gr. 1-3 leerlinge wat tot 13:30 by die skool is, bly in hul registerklas of soos gereël deur die graadvoog.
- Grondleggingsfase-leerlinge wat oor Langenhoven-of Watermeyerstraat gaan, word vergesel deur 'n onderwyseres/verkeersbeampte.

**9.2 Klaswisseling:**

- Klaswisseling geskied vinnig, stil en ordelik in netjiese rye.
- Die dogterklasleier loop voor en die seunsklasleier agter.

**9.3 Tydens klas:**

- 'n Leerling mag nie 'n ander leerling die reg tot onderrig ontneem deur enige vorm van steurende gedrag of optrede nie.
- Ontwrigtinde en ongedissiplineerde gedrag en 'n gebrek aan samewerking is onaanvaarbaar.

**9.4 Pouse:**

- Gedurende pouse gaan leerlinge kleedkamer toe, was hande, eet en ontspan.
- Leerling wat in die klasse is voorskool, gedurende pouse of na skool moet onder toesig van 'n personeellid wees of die nodige toestemming hê.
- Geen kind mag wederregtelik en sonder toestemming, of vir kwade redes, tussen die personeel se motors wees nie.
- Geen bakleiery word op die terrein toegelaat nie.
- Vermy blombeddings sodat plante nie beskadig word nie.
- Eet en drink op stoepe is verbode.
- Leerlinge mag nie op stoepe hardloop nie.
- Speelterreine word vir leerlinge afgebaken waar hulle mag speel.

- Die volgende aktiwiteite is verbode voor skool en tydens pouse:
  - Kontakspele
  - Spel met harde balle en kolwe
  - Enige gevaarlike speletjies
- Leerlinge wat gebruik maak van die snoepwinkel tree in netjiese rye aan totdat hulle bedien word.
- Wanneer die klok lui aan die einde van pouse, beweeg leerlinge onmiddellik en tree aan vir klas.

**9.5 Saalbyeenkomste:**

- Leerlinge mag alleen onder toesig van personeel in die saal wees.
- Wanneer leerlinge saalbyeenkomste het, word daar van hulle verwag om stil en netjies die saal, vergesel van hul voogonderwyseres en/of prefek binne te kom.
- Saalbyeenkomste moet deurgaans stil verloop.

**9.6 Kleedkamer:**

- Kleedkamers behoort die trots van alle leerlinge te wees en leerlinge moet dit te alle tye netjies en skoon laat nadat hulle dit gebruik het.
- Die toilette moet gespoel word na gebruik.
- Krane moet toegedraai word na gebruik.
- Geen etery, hardloop, gly of speel word in die kleedkamers toegelaat nie.
- Geen materiaal soos toiletpapier mag in die kleedkamers rondgegooi word nie.

**9.7 Persoonlike netheid en algemense gesinheid:**

- Stiptelikheid is 'n vereiste.
- Persoonlike higiëne moet onberispelik wees.
- Skoolskoene moet saam met baadjies gedra word, moue van truie en baadjies mag nie opgeskuif word nie en belde van rokke moet om die middel gedra word.
- Leerlinge se hare moet skoon en netjies wees, naels moet kort geknip en skoon wees en dogters word nie toegelaat om gekleurde naellak te dra nie.
- Hemde moet by broeke ingesteek word en kouse moet opgetrek wees. (Gebruik rekke indien nodig).
- **Hare-Dogters**: Dogters mag nie hul hare laat kleur of "high lights" laat insit wetende dat dit nog in die hare sigbaar sal wees wanneer die skool weer 'n aanvang neem nie.
- Dogters se hare moet natuurlik vertoon en hare wat permanent gekrul ("geperm") is, of enige ander onnatuurlike haarstyl, is ontoelaatbaar.
- Lang hare moet vasgemaak word en kuiwe mag nie in die oë hang nie.
- Linte, rekkies en knippies moet donkerblou of geel wees.
- "Braids" is nie toelaatbaar nie.
- Dogters wat kopluise of nete het mag nie die skool bywoon nie volgens gesondheidswetgewing.

- Kort hare mag nie oor die kraag van die rok hang of in die leerling se oë hang nie.
- **Hare-Seuns:** Hare moet agter en langs die kante kort geknip wees en mag nie oor die ore of tot in die oë of oor die kraag hang nie.
- **"Gel"** is toelaatbaar indien hare baie kort geskeer is en mag nie oordadig gebruik word nie.
- Hare mag nie gekleur of "highlights" in hê nie.
- Geen "Strepe" of "under cuts" word toegelaat nie.
- **Juweliersware:** Die dra van juweliersware en ander versierings word ten strengste verbied by seuns sowel as dogters. Die volgende is wel toelaatbaar.
- Seuns en dogters mag polshorlosies dra.
- Dogters mag 'n seëlring dra.
- Slegs armbande en hangertjies wat mediese inligting bevat, mag gedra word.
- Seuns mag onder geen omstandighede enige gaatjies vir enige vorm van juweliersware op enige plek op hul liggame dra nie.
- Disrespek teenoor die hoof, personeel en onsedelike optrede word nie toegelaat nie.
- Alle skooleiendom nl. geboue, meubels, boeke en toerusting moet met respek behandel en opgepas word. Vandalisme sal onder geen omstandighede geduld word nie.
- Gehoorsaamheid aan 'n gesagsdraer word vereis.
- Ander leerlinge se eiendom mag nie weggesteek of enige skade berokken word nie. Leerlinge word ten sterkste afgeraai om enige speelgoed of duursame artikels skool toe te bring.
- Huiswerk wat deur die onderwysers aan leerlinge opgedra word, moet stiptelik gedoen word.
- Toetse en eksamens asook versuime moet deur ouers geteken word.
- **Stokkiesdraai is verbode en leerling mag slegs met die hoogste uitsondering afwesig of sonder toestemming uit die klas wees.**
- **Geen vorm van geweld sal geduld word nie.**
- Diefstal word beskou as 'n **krimenele oortreding** en sal dienooreenkomstig mee gehandel word.
- Geen gevaarlike items soos vuurwapens, plofstowwe, vuurwerke, messe of enige tradisionele wapens mag deur enige persoon op die terrein gedra word nie.
- Geen persoon mag enige vorm van drank of enige ander vorm van gewoontevormende middels by hom/haar hê, of op die skoolterrein gebruik nie.
- Geen pornografiese materiaal mag versprei word of in enige leerling se besit wees nie.
- Leerlinge moet verdraagsaamheid teenoor mekaar betoon. Boelie, verontregting, vernedering of intimidasie van ander leerlinge word nie toegelaat nie.
- **Rommelstrooi** is verbode en daar sal streng teen oortreders, opgetree word.

**9.8 Buitemuurs:**

- Deelnemers aan sport, moet tydens oefening en wedstryde die korrekte en voorgeskrewe sportdrag dra.
- Swak taalgebruik, wangedrag en vuilspel is ontoelaatbaar.

- Skeidsregters moet met die nodige respek behandel word.
- Terugpraat met 'n skeidsregter is ontoelaatbaar.
- Sportvelde en toerusting word slegs gebruik onder die toesig van 'n personeellid.
- Tydens oefeninge word die tasse netjies langs die oefenveld in rye geplaas.
- Geen sporttoerusting word huis toe geneem sonder die toestemming van 'n personeellid nie.
- Met wegwedstryde verklee die leerling gedurende tweede pouse en met tuiswedstryde na skool. Die voorgeskrewe sportdrag word gedra.
- Sportklere word verkieslik in 'n sportsak skool toe gebring.

**9.9 Busse:**

- Wangedrag van leerling tydens die gebruik van openbare vervoer, word in 'n baie ernstige lig beskou aangesien dit ander persone se lewens in gevaar stel.

**9.10 Openbaar en ander skole:**

- Indien leerlinge na-ure in skooldrag ernstige oortredings begaan, sal dit in 'n baie ernstige lig beskou word aangesien hulle gesien word as verteenwoordiger van die skoolgemeenskap.

**9.11 Algemene reëls:**

- Die Administratieweblok word slegs deur die personeel gebruik. Alle leerlinge meld by ontvangs aan en sal dan deur een van die sekretaresses gehelp word.
- Die skooltelefone is uitsluitlik vir personeel. Leerlinge wat wil skakel in noodgevalle kan toestemming van 'n personeellid of die Hoof verkry.
- Leerlinge mag nie van die kombuis- en personeelkamergeriewe gebruik maak om kos op te warm of om koffie/tee/water te kom haal nie.
- Leerlinge word ten sterkte afgeraai om selfone skool te te bring. Indien dit egter deur ouers vereis word, mag selfone buite skoolure aangeskakel of gebruik word asook slimhorlosies.
- Toestemming van die voogonderwyser moet verkry word voordat 'n leerling die siekekamer kan gebruik.
- Kougom mag onder geen omstandighede op die skoolterrein gekou word nie. Enige leerling wat die klas moet verlaat, moet te alle tye in besit van 'n toestemmingskaart wees.
- Indien 'n leerling afwesig was, **word daar van hom/haar verwag om die eerste dag nadat hy/sy terugkeer skool toe, 'n verskoningsbrief van die ouers te bring waarin die rede/s vir afwesigheid vermeld word.**
- Seilsakke sonder afskortings vir boeke is ontoelaatbaar, 'n Boeksak wat in afskortings verdeel is en wat van sterk materiaal vervaardig is, word vereis.
- Geen leerling mag enige dwelmmiddels by hom/haar hê of dit gebruik nie. Dit is enige middel wat tydelike bedwelming veroorsaak waaraan 'n mens (leerling) verslaaf kan raak.
- Geen leerlinge mag enige vorm van tatoeëermerk op hul liggame laat aanbring of hê nie.

- Indien 'n leerling se huiswerkboek verlore raak of nie by die skool is nie, kan dit detensie tot gevolg hê. (Verlore boeke moet op eie koste vervang word).

**9.12 Na ure:**

- Geen leerling mag na ure sonder toestemming van die personeel op skoolterrein wees nie.
- Alle skoolreëls geld ook vir leerlinge wat die naskoolsentrum smiddae besoek.

**10. Nuwe leerling:**

- Elke registerklas het/besit 'n Verwelkomingskomitee wat nuwe leerlinge ontvang en tuis laat voel in die skool.
- Die Verwelkomingskomitee sien toe dat nuwe leerlinge inskakel.

**11. Komminikasiekanale vir leerlinge met probleme:**

- Indien 'n leerling worstel met 'n persoonlike probleem kan hy/sy direk en vertroulik met die registeronderwyser praat.
- Indien die probleem van so aard is dat die leerling nie die vrymoedigheid het om met die registeronderwyser te praat nie, kan hy/sy dit direk met die Departementshoof Opvoedkundige Leiding (DPO) gaan bespreek of met die ander Departmentshoofde, Adjunkhoof of die Ondersteuningsdiensbestuurder.
- Die bestuur van die skool sal met ouers skakel indien die probleem ernstig is.

**12. Strafstelsel:**

- Elke ouer word versoek om die D6 Connect toep op hulle foon af te laai.
- Ons gebruik die toep D6 Connect waarop versuime en verdienste gerekordeer word.
- U as ouer word dadelik deur die toep in kennis gestel.
- Daar word besluit op die toepaslike straf. Indien die straf detensie is, ontvang die leerling 'n detensiebrief wat deur die ouers onderteken en teruggestuur moet word.

**13. Beloningstelsel:**

**Verdienstes:**

- Na tien verdienstes ontvang die leerling 'n Baniester wat hy/sy mag hou.
- Personeel kan verder op eie diskresie erkenning gee aan leerlinge wat verdienstelik handel bv. "Positiewe briewe" aan hul ouers stuur ens.

**14. Algemeen:**

- Hoë vlakke van waardes en norme word van alle rolspelers verwag.
- Die primêre verantwoordelikheid van leerling is om op akademiese, kulturele, sport asook sosiale vlak, deur die ontwikkeling en uitbreiding van kennis, vaardighede, norme en waardes te leer.

**15. Tugmaatreëls:**

**15.1 Gedelegeerde magte**

- Die ouers bly die primêre opvoeder en toesighouer wat moet toesien dat die gedragskode nagekom moet word. Die ouer delegeer sekere bevoegdhede aan die skool om "in loco parentis" op te tree.
- Die nakoming van die gedragskode is 'n vennootskap van al die rolspelers.

**15.2 Gesagstruktuur:**

- Ouers: Primêre opvoeder
  Die ouers speel 'n primêre rol in die opvoeding van hulle kinders sodat hulle hul verantwoordelikheid aanvaar ter ondersteuning van die gesag en insette van die personeel om 'n veilige en gerespekteerde omgewing daar te stel vir alle leerlinge.

**Hulle moet:**

- Aktief belangstel in die leerling se skoolwerk en vooruitgang.
- Gereeld met die skool kommunikeer.
- Hulle kinders help om altyd 'n netjiese voorkoms te hê.
- Verseker dat hul kind die skool gereeld en stiptelik bywoon.
- Vertroud wees met die gedragskode en hul kinders aanmoedig om dit te onderskryf.
- Die personeel ondersteun met die toepassing van dissiplinêre aksies.

**Leerling:**

- Medeverantwoordelik vir aanmoediging van mede-leerling om gedragskode na te kom.

**Leerling moet dieselfde mate van respek as wat hulle vir hulleself behoort te hê, teenoor ander demonstreer deur aanvaarbare gedrag. Respek en verantwoordelikheid word gedemonstreer as leerlinge:**

- **Betyds, voorbereid en reg om te leer, skool toe kom.**
- **Respek betoon vir hulleself, ander leerlinge asook ander gesagsfigure.**



# Baanbreker Naskoolsentrum

# 11. Baanbreker Naskoolsentrum

**Laerskool Baanbreker het sy eie Naskoolsentrum.**

- Inskrywingsvorms vir die Naskoolsentrum sal in Januarie beskikbaar wees. Geen leerlinge van Laerskool Baanbreker word weggewys nie.
- Dagbesoekers word ook toegelaat by die Naskoolsentrum, mits dit vooraf gereël is.
- Naskoolsentrumgelde word in November bepaal en sal in 'n omsendbrief aan ouers deur gegee word.
- Naskoolsentrumgeld is vooruitbetaalbaar en moet voor of op die 7de van elke maand betaal word.
- Geen gelde word vir Desember betaal nie.
- Toesig by die Naskoolsentrum begin om 12:45 tot en met 17:30.
- Alle Graad 1's word in een klas met hulle huiswerk gehelp.
- Leerlinge bring sy eie kospakkie vir die middag.
- Die Naskoolsentrum is gedurende die skoolvakansies vanaf 07:00 tot en met 17:30 oop.
- Die Naskoolsentrum is gesluit gedurende openbare vakansiedae.
- Die Naskoolsentrum sluit vroeg in Desember.


Is my kind
Gereed vir gr 1 ?

# 12. Is my kind gereed vir graad 1?

**Wanneer u kind begin skoolgaan, word unieke eise aan hom/haar gestel. Hoewel die amptelike skooltoelatingsouderdom sewe jaar is en kinders meestal by hul preprimêre skool formeel getoets word vir skoolgereedheid, kan u dit gebruik as riglyn om vas te stel of u kind reg is vir hierdie groot mylpaal in sy/haar lewe. Skoolgereedheid impliseer dat u kind gereed is om sy/haar skoolloopbaan met 'n redelike mate van sukses aan te pak en hy/sy behoort onder andere aan die volgende vereistes te voldoen:-**

- Sonder sy huismense klaarkom terwyl hy/sy by die skool is.
- Met vreemdelinge kommunikeer en oor die weg kom.
- In 'n groep (dikwels groot) tot sy reg kom en hom/haarself laat geld.
- Kritiek en konflik kan hanteer en mededeelsaam wees.
- Die oorskakeling kan maak van spontaan en informeel speel en leer na meer formeel werk en leer.
- Opdragte kan uitvoer al word hy nie die hele tyd geprys nie.
- Rustig en stil sit en werk.
- Sy behoeftes in woorde uitdruk.
- Basiese taal-en skryfvaardighede hê sodat hy kan leer teken, lees en skryf.
- Kan konsentreer en take kan klaarmaak.
- U kind moet liggaamlik daartoe in staat wees om vordering in die skool te maak. Hy/Sy moet goed kan sien en hoor. Neem hom/haar na 'n pediater. Hy sal kan bevestig of alles in orde is.
- U kind moet fisiek sterk en gesond wees om te leer. Hy/Sy moet in staat wees om met sy linkerhand bo-oor sy kop aan sy regteroor te raak.
- Hy/Sy moet selfstandig kan funksioneer en dinge vir hom/haarself kan doen, bv. toilet toe gaan, aantrek, bad en sy/haar skoene vasmaak.
- Hy/Sy moet oor 'n goeie liggaamsbeeld beskik – weet dat hy twee voete, een neus, tien vingers het en dies meer. Hy/Sy moet sy/haar verskillende liggaamsdele kan opnoem en aanraak en met een liggaamsdeel aan 'n ander kan raak, bv. met sy/haar elemboog aan sy/haar voet.
- Hy/Sy moet to 50 en hoër kan tel en terug tel.
- Hy/Sy moet boodskappe kan oordra.
- Hy/Sy moet weet dat hy/sy 'n linkerkant en 'n regterkant het en nie links en regs verwar nie. Hy/Sy moet 'n dominante hand, voet en oog hê.
- Hy/Sy moet 'n goeie tydsbegrip hê, die dae van die week, maande van die jaar en die seisoene ken. Die begrippe oggend, middag en aand, gister, vandag en môre verstaan en reg kan gebruik.
- U kind moet emosioneel gereed wees en nie meer oor enige onbenulligheid huil nie, sodat hy/sy hom/haarself kan handhaaf en nie voel hy/sy word te nagekom nie.
- Sy/Haar taal moet goed ontwikkel wees en hy/sy moet oor 'n goeie woordeskat beskik.





- Hy/Sy moet hom/haarself in taal kan uitdruk en ook verstaan wanneer 'n opdrag gegee word. **Praat suiwer Afrikaans. Vermy Engelse** woorde tussen Afrikaans.
- Hy/Sy moet twee of meer opdragte wat saam gegee wod korrek kan uitvoer.
- Hy/Sy moet goed kan konsentreer en in groepverband kan funksioneer, met ander woorde stil kan sit en luister en aandag kan gee.
- Hy/Sy moet syfers, letters en eenvoudige voorwerpe kan nateken.
- Help u kind om vaste gewoontes te ontwikkel – slaap, eet ens.
- Gee u kind genoeg geleentheid om te speel (min georganiseerd).
- Lees storieboeke saam met u kind en vra vrae oor die storie. (Moet aanvanklik nie die prente wys nie).
- Kommunikeer met u kind – moenie net opdragte gee nie, maar gee kwaliteit tyd.
- Koop opvoedkundige speelgoed.
- Koop vir u kind inkleurboeke met **groot duidelike prente** en vetkryt/uitdraai-kryt. Laat u kind tuis inkleur en **let op die inkleurrigting – horisontaal en nie vertikaal nie.** Laat u kind ook eers die **prent omlyn aan die binnekant, teen die buitelyne.** Leer hulle die verskillende kleure bv. 'n boom se blare word groen ingekleur, grond bruin, die lug blou ens. U kind moet al die kleure ken.
- Laat u kind met 'n bal of boontjiesak speel. Die bal moet net groter as 'n tennisbal wees. Gooi en vang en bons die bal. Gooi die bal onderdeur of bo-oor.
- **Spring gereeld tou.** Die kind kan op een plek staan en spring, maar moet ook hardloop en spring.
- U kind moet op een been (die linker- en die regterbeen) kan spring. Goeie balans.
- Laat u kind groot prente of selfs vorms soos vierkante, sirkels, driehoeke en reghoeke uitknip. Dit is baie goeie oefening vir die handspiere en maak vingers vaardig. U kind moet ook die vorms herken.
- Balanseer op 'n reguit streep of plank.
- Rol, kruip bo-oor, onderdeur, tussendeur, ens.
- Laat hulle self tuis aantrek, knope vasmaak, strikke bind, skoene vasmaak.
- U kind moet sy **eie adres en telefoonnommer ken.**
- Hy/Sy moet sy/haar **eie geboortedatum ken.**
- U kind moet kleuterverse kan opsê en liedjies kan sing.
- Onderskei tussen plaasdiere en wildediere, ens.


Speel-speel
lekker slim!

# 13. Speel-speel lekker slim!

Perseptuele ontwikkeling is noodsaaklik, omdat die kontak wat die brein met die buitewêreld maak, plaasvind deur gegewens wat d.m.v. die sensoriese organe (senuwee) na die brein gevoer word. Die waarneming van 'n voorwerp word bv. deur die oog gedoen, maar die herkenning daarvan word deur die brein gedoen.

Die oog kyk, maar die verstand sien. As die kind na iets kyk, bv. 'n stoel, vind visuele waarneming plaas, m.a.w. hy sien. Die elektriese impulse gaan langs die optiese senuwees na die brein. Die brein interpreteer dit en persepsie vind plaas, met ander woorde die brein herken dit as 'n stoel. Dit kan nie plaasvind sonder om te dink nie, want wanneer 'n stoel gesien word, of as die brein die woord stoel hoor moet dit dadelik as sodanig herken word. Dit is 'n voorbeeld van visuele persepsie.

Goeie visuele persepsie stel die kind in staat om te lees, skryf, somme te doen asook ander handelinge.

**Oefeninge vir visuele persepsie**:

- Raak met albei hande aan liggaamsdele soos gevra word, bv. raak aan jou tone ens.. Doen hierdie opdragte ook met toe oë.
- Bou van legkaarte – kartonledemate om 'n menslike figuur te vorm.
- Instruksies bv. spring op jou regtervoet, loop vorentoe, kyk links ens..
- Bespreek prente bv. In watter hand hou die seuntjie die karretjies, vlieg die voëljie onderkant of bokant die wolke?
- Stokmannetjie – flitskaarte - die kind moet die posisies van die mannetjie na-aap.
- Bespreek voorwerpe wat verskille in het – prente met verskille en ooreenkomste.
- Kruipoefeninge – kruip onder tafels, stoele, tussen kassies, op trappe ens.
- Loopoefeninge – loop oor hindernisse, oor stoele, toue, tafels, op trappe ens..
- Balansoefeninge – staan op een been, spring op een been. Gebruik 'n loopplank of balanseer op 'n asblikdeksel.
- Oogoefeninge – leer veral van links na regs te kyk. Bal-aan tou- volg die bal van links na regs terwyl u kind sy/haar kop stilhou en slegs die oë beweeg.

**Oefeninge vir gehoorpersepsie:**

Gehoor speel 'n belangrike rol by die aanleer van taal. Ons moet die kind leer om te luister. Die doel van luisteroefeninge is om die kind te leer lees.

- Die kind maak sy oë toe en luister. Klap 'n paar keer met die hande. Vra die kind om nou dieselfde te klap.
- Luister na verskillende geluide buite en binne bv. die getik van 'n horlosie, geskuifel van voete, die getjirp van 'n voëljie, die gedreun van vragmotors ens..
- Uitken van verskillende geluide wat gemaak word bv. gerinkel van sleutels, skeur van papier, nies, hoes of gaap. Tik op glas, hout en metaal met 'n potlood. Tap water uit die kraan, klop aan 'n deur, laat iets op die grond val.

**Oefeninge vir gevoelspersepsie:**

- Met toe oë moet verskillende voorwerpe geïdentifiseer word, bv. lap, hout, glas, skuurpapier.
- Voel voorwerpe en sê of hulle hard of sag, stomp of skerp, grof of glad, nat of droog, swaar of lig is.

**Oefeninge vir reukpersepsie:**

- Identifiseer verskillende reuke bv. koffie, sjokolade, reukwater, lemoen, tandepasta, kaas en piesang.

**Oefeninge vir smaakpersepsie:**

- Proe aan kossoorte terwyl oë toe is. Die kind moet sê wat hy/sy proe bv. brood, konfyt, lekkergoed, sout, suiker, asyn, tamatie ens..
- Klassifiseer kossoorte in soet, bitter, suur en soutsmaak.

**Wanneer daar nie genoeg aandag aan die perseptuele ontwikkeling van die kind gegee word nie kan hy of sy moontlik probleme ondervind met skoolgereedheid, wat later lei tot leerprobleme.**



# 'n Kort gedagte

# 14. 'n Kort gedagte

## Mamma en Pappa

Ek wil hier by die skool dat Mamma my kom haal,
Met ogies op die deur...
en gedagtes wat deur my koppie maal,
Mamma, sal jy vanaand tyd maak om na my te luister?
My teen jou vasdruk en liefdeswoordjies in my oor fluister.

Pappa, tel my so rukkie op jou skoot.
Ek wil jou arms om my voel.
Ek het vandag so na jou verlang
terwyl ek speel en woel.

Gooi tog nie my prentjies weg.
Ek het dit vir jou gemaak.
Miskien lyk dit vir jou maar sleg,
maar vir my was dit 'n grote taak.
Ek weet daar wag nog baie werk.
Dis kosmaak en wasgoed was,
maar knyp tog net 'n tydjie af
en hou my nog 'n rukkie vas.

Ek kan hierdie wêreld nie verstaan.
Ek hoor net van geld maak en skuld.
Soggens moet ek vroeg opstaan.
Al wou ek graag nog slaap.

Pappa en Mamma, ek word so gou groot.
Hou my nog 'n rukkie klein.
Maak tyd om na my te luister.

***Jy kan iemand betaal om vir jou kinders se geleerdheid te sorg: vir hul opvoeding moet jy self pa staan.***

Skool van uitnemendheid
"Pioniers vir voortreflike onderrig en opvoeding"

Tel.: 011-896-5126/7
Faks.: 011-896-3719
E-pos.: algemeen@banies.co.za
Webblad.: www.laerskoolbaanbreker.co.za